## DEPARTMENT OF PUBLIC WORKS AND INFRASTRUCTURE

**NO. 1326** **11 DECEMBER 2020**

# CALL FOR NOMINATION OF CANDIDATES TO SERVE AS BOARD MEMBERS OF THE CONSTRUCTION INDUSTRY DEVELOPMENT BOARD

The Honourable Minister of Public Works and Infrastructure, Ms P. de Lille (MP), hereby invites nominations for new members to serve on the Board of the Construction Industry Development Board (CIDB).

The CIDB is a statutory body established in terms of Section 2 of the Construction Industry Development Board Act, 2000 (Act No. 38 of 2000) ("the CIDB Act"), to provide strategic leadership to construction industry stakeholders in order to stimulate sustainable growth, and promote performance, enhanced service delivery and transformation within an enabling and regulated environment.

## REQUIREMENTS

The Board members of the CIDB must have demonstrable leadership qualities and be committed to the development and transformation of the construction industry. **They must possess knowledge and/or expertise of the following:** construction sector; construction procurement and any other supply chain prescripts; black economic empowerment and the emerging sector; training, research and development; law, including construction law and legislation governing labour relations; built environment professions; communication, marketing and public relations; project management and financing; accounting compliance and reporting; and audit and risk management, including combating fraud and corruption. Due consideration will be given to race, gender, disability and geographic location in the composition of the Board.

## DISQUALIFICATION

**The following persons are not eligible for appointment to the Board of the CIDB:**

**A person who:**

(a) is not a South African citizen and not ordinarily resident in the Republic;
(b) is an unrehabilitated insolvent, whose insolvency was caused by his or her negligence or incompetence;
(c) has been employed as a consultant by the CIDB in the past three financial years, is a supplier or customer, has a contractual relationship with or is a professional advisor to the CIDB;
(d) was convicted:
  (i) in South Africa, of an offence other than an offence committed prior to 27 April 1994 associated with political objectives, and was sentenced to imprisonment without the option of a fine or, in the case of fraud or corruption, to a fine or imprisonment or both;
  (ii) in a foreign country, of an offence which is also an offence in South Africa, and was sentenced to imprisonment without an option of a fine or, in the case of fraud or corruption, to a fine or imprisonment or both; or
(e) has been declared by a court to be mentally ill or unfit.

A political office bearer must vacate his/her political position as soon as they are appointed as a Board member.

## TERM OF OFFICE

The term of office of Board members is three years effective from the date of appointment. Individual Board members may be reappointed to the Board for one consecutive term. Candidates will be subjected to a security screening process.

## NOMINATION PARTICULARS

Nominations must be in writing, completed in the accompanying prescribed form* and contain the following information:

- Full name, address and contact details of the nominating person or organisation;
- Full name, identity number and contact details of the nominee;
- Signed acceptance of the nomination by the nominee;
- Declaration by nominee* that he/she is qualified to serve on the CIDB Board in terms of Section 6 of the CIDB Act;
- A motivation (one page only) for appointment of the nominee to the Board of the CIDB;
- A Curriculum Vitae of the nominee (not more than two pages) covering the following: the nominee's full name, ID number, race, gender, contact addresses, telephone numbers, qualifications, experience, knowledge and skills and current and former board memberships as well as the names and contact details of at least two referees;
- Certified copy of the nominee's South African ID document; and
- Certified copies of the nominee's qualifications.

*** The nomination form to be downloaded through the following link:**
**http://www.publicworks.gov.za/PDFs/DPWI-0050-ENG_ADV_Call_for_nominations_CIDB_AVZ_ed_HL_qc_clean_fin.docx**

**THE CLOSING DATE FOR NOMINATIONS IS 12 FEBRUARY 2021**

**NOMINATIONS MUST BE POSTED TO:** The Director-General (Attention: Mr Mpho Mashaba), Department of Public Works and Infrastructure, Private Bag X65, Pretoria, 0001 or **HAND-DELIVERED** at the CGO Building, Corner Bosman and Madiba Streets, Pretoria.

**ENQUIRIES:**
Mr Mpho Mashaba, tel. 012 406 1671 / cell: 082 974 4790 **OR** Ms Karabo Mokoena, tel. 012 406 1905 / cell: 066 282 7043

***Declaration by nominee** (to be completed and returned with his/her nomination)

I, ______________________________________________ (full name), ID No.______________________, hereby declare that I am qualified to serve on the Board of the Construction Industry Development Board in terms of Section 6 of the Construction Industry Development Board Act, 2000 (Act No. 38 of 2000), and authorise the Minister of Public Works and Infrastructure to investigate any record in relation to such qualification or requirement.

## DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE EN INFRASTRUKTUUR

**NO. 1326** **11 DESEMBER 2020**

# OPROEP OM BENOEMING VAN KANDIDATE OM TE DIEN AS LEDE VAN DIE RAAD VAN DIE BOUBEDRYFONTWIKKELINGSRAAD

Die Agbare Minister van Openbare Werke en Infrastruktuur, me. P. de Lille (LP), versoek hiermee nominasies van nuwe lede om te dien op die Raad van die Boubedryfontwikkelingsraad (CIDB).

Die CIDB is 'n statutêre liggaam wat ingevolge artikel 2 van die "Construction Industry Development Board Act, 2000" (Wet No. 38 van 2000) ("die CIDB-wet"), ingestel is om strategiese leierskap aan belanghebbendes in die boubedryf te verskaf ten einde volhoubare groei te stimuleer en prestasie, verhoogde dienslewering en transformasie in 'n bemagtigende en gereguleerde omgewing te bevorder.

## VEREISTES

Die Raadslede van die CIDB moet demonstratiewe leierseienskappe beskik en hulle verbind tot die ontwikkeling van en transformasie in die boubedryf. **Hulle moet kennis en/of kundigheid oor die volgende beskik:** bousektor; bouverkryging en enige ander voorsieningskettingvoorskrifte; swart ekonomiese bemagtiging en die opkomende sektor; opleiding, navorsing en ontwikkeling; die reg, ook wetgewing oor die boubedryf en arbeidsbetrekkinge; bouomgewingsberoepe; kommunikasie, bemarking en openbare betrekkinge; projekbestuur en -finansiering; rekeningkundige nakoming en verslagdoening; en oudit- en risikobestuur, ook die bekamping van korrupsie en bedrog. Behoorlike oorweging word geskenk aan ras, geslag, gestremdheid en geografiese ligging in die samestelling van die Raad.

## DISKWALIFIKASIE

**Die volgende persone kwalifiseer nie vir aanstelling op die Raad van die CIDB nie:**

**Iemand wat–**

(a) nie 'n Suid-Afrikaanse burger is en nie gewoonlik in die Republiek woonagtig is nie;
(b) 'n ongerehabiliteerde insolvent is, wie se insolvensie die gevolg is van sy of haar eie nalatigheid of onbevoegdheid;
(c) in die afgelope drie boekjare as 'n konsultant deur die CIDB in diens geneem is, 'n verskaffer of kliënt van die CIDB is, 'n kontraktuele verhouding met die CIDB het of 'n beroepsadviseur vir die CIDB is;
(d) skuldig bevind is–
 (i) in Suid-Afrika, aan 'n misdryf, uitgesonderd 'n misdryf wat begaan is voor 27 April 1994 wat verband hou met politieke doeleindes, en gevonnis is tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete of, in die geval van bedrog of korrupsie, tot 'n boete of gevangenisstraf of beide;
 (ii) in die buiteland, aan 'n misdryf wat ook 'n misdryf is in Suid-Afrika en gevonnis is tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete of, in die geval van bedrog of korrupsie, tot 'n boete of gevangenisstraf of beide; of
(e) deur 'n hof as geestessiek of ongeskik verklaar is.

'n Politieke ampsdraer moet sy of haar politieke amp neerlê sodra hy of sy as Raadslid aangestel word.

## AMPSTERMYN

Die ampstermyn van Raadslede is drie jaar vanaf die datum van aanstelling. Individuele Raadslede kan vir een opvolgende termyn op die Raad heraangestel word. Die kandidate word onderwerp aan 'n veiligheidskeuring.

## NOMINASIEBESONDERHEDE

**Nominasies moet skriftelik geskied word in die meegaande voorgeskrewe vorm en die volgende inligting bevat:**

- Volle naam, adres en kontakbesonderhede van die benoemende persoon of organisasie.
- Volle naam, ID-nommer en kontakbesonderhede van die benoemde.
- Die benoemde se getekende aanvaarding van die benoeming.
- Verklaring deur benoemde* dat hy of sy ingevolge artikel 6 van die CIDB-wet kwalifiseer om te dien op die Raad van die CIDB.
- 'n Motivering (slegs een bladsy) vir aanstelling van die benoemde op die Raad van die CIDB.
- 'n Curriculum Vitae van die benoemde (hoogstens twee bladsye) wat die volgende dek: die benoemde se volledige naam, ID-nommer, ras, geslag, kontakadresse, telefoonnommers, kwalifikasies, ervaring, kennis en vaardighede, en huidige en vorige lidmaatskap van rade, asook die name en kontakbesonderhede van minstens twee referente.
- 'n Gewaarmerkte afskrif van die benoemde se Suid-Afrikaanse ID-dokument.
- Gewaarmerkte afskrifte van die benoemde se kwalifikasies

*** Die nominasievorm moet afgelaai word via die volgende skakel:**
**http://www.publicworks.gov.za/PDFs/DPWI-0050-ENG_ADV_Call_for_nominations_CIDB_AVZ_ed_HL_qc_clean_fin.docx**

**DIE SLUITINGSDATUM VIR NOMINASIES IS 12 FEBRUARIE 2021**

**DIE NOMINASIES MOET GEPOS WORD AAN:** Die Direkteur-generaal (Vir aandag: Mnr. Mpho Mashaba), Departement van Openbare Werke en Infrastruktuur, Privaat Sak X65, Pretoria, 0001, of per **HAND AFGELEWER** word by die CGO-gebou, h/v Bosman- en Madibastraat, Pretoria.

**NAVRAE:**
Mnr. Mpho Mashaba, 012 406 1671/082 974 4790 **OF** Me. Karabo Mokoena, 012 406 1905/066 282 7043

***Verklaring deur benoemde** (moet ingevul en by die nominasie ingesluit word)

Ek, ______________________________ (volle naam), ID-no.______________________, verklaar hiermee dat ek ingevolge artikel 6 van die "Construction Industry Development Board Act, 2000" (Wet No. 38 van 2000), kwalifiseer om te dien op die Raad van die Boubedryfontwikkelingsraad en magtig die Minister van Openbare Werke en Infrastruktuur om enige rekord te ondersoek wat betrekking het op sodanige kwalifikasie of vereistes.